

15 Januarie

2 Korinthiërs 5:14-17

Vernuwing - om 'n nuwe mens te wees!

Wanneer iemand "namens" iemand anders iets doen, is dit asof daardie persoon dit self gedoen het. Gestel ek betaal, met my eie geld, 'n vriend se rekening wat agterstallig geraak het. Hy kon nie meer betaal nie. Wat is nou die heel belangrikste? Dat die rekening betaal is, nie waar nie? Vir die winkel aan wie hy die geld geskuld het, is dit asof hy self sy rekening betaal het. En al wat vir my vriend oorbly om te doen, is om dankbaar te wees dat iemand hom uit die verknorsing gehelp het. Hy kan nou weer 'n nuwe begin maak. Sy dankbaarheid sal sigbaar word wanneer hy nie weer in dieselfde verknorsing beland nie.

Dit is die belangrike insig wat die apostel Paulus aan die gemeente van Korinthe wil meedeel. As een (Jesus Christus) "namens" almal gesterwe het, beteken dit mos dat almal gesterwe het. Hy het aan die kruis van Golgota "namens" almal betaal. Dit beteken dat die ou sondelewe nou verby en afgesluit is. Die boeke is toegemaak en gebêre. Dit is nie meer nodig vir enige skuldbetalings nie, want dit is klaar gedoen. As Jesus Christus dan uit die dood uit opstaan, begin daar 'n nuwe lewe vir al God se kinders. 'n Lewe van dankbaarheid waarin hulle nie weer terugval na 'n vorige sondelewe nie.

Iemand wat aan Jesus Christus behoort, is 'n nuwe mens.

Sing Psalm 116:7 en 10

Ds. I.W. Ferreira (Wonderboompoort)